

12 Julie

Job 14, (Teks: 14:13-17)

Ingehaal deur die sonde?

Het u vandag weer gevoel u faal in u stryd teen die sonde?

Of het dinge u ingehaal wat u al van vergeet het of waarom u al u gewete doodgepraat het?... en vanaand, met die Bybel in die hand voel u so skuldig. U worstel al weer met die kwelvraag oor ons sondes en ellendes! U is nie alleen in u stryd nie.

As 'n mens die Bybel reg lees, is daar geen twyfel oor die werklikheid van die sondeval nie. Die HERE laat ook deur sy Wet die sonde uitstaan. Dawid bely in Ps. 51:7 dat hy in sonde ontvang en gebore is en Paulus brei in Rom. 7 hierop uit. In vers 19 kla hy: "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek". Die mens het in 'n sondedood verval! Waar is daar hoop?

Kan 'n mens wat sterwe weer lewendig word? As ek in die sonde dood is, is daar enige hoop? Job weet dat God sy sondes ken. Maar dit is vir hom duidelik: As die mens God se hoogste skepsel is, is die grense van sy sonde en die dood *nie die laaste* nie... As 'n boom weer kan uitloop, nuwe lewe kry nadat dit af gekap is, as die see se water dan nie opdroog nie, en riviere dit as't ware voortdurend met nuwe lewe voed, wat dan van die mens? die kroon van God se skepping?

Die mens, die beeld van God, staan nie agter by hierdie ander handewerk van God nie. Daar is vergiffenis van sonde vir God se uitverkore kinders!

Job bely die liggaamlike opstanding wanneer hy bely dat hy in die krag van sy Verlosser sal opstaan oor die stof.

Daardie opstanding gaan egter in heerlijkheid wees, want God sluit sy ongeregtigheid weg.

U het hierdie profetiese saak werklikheid sien word in Christus. As Job so kon moed skep in die hoop op wat kom, het u alle rede om moedeloosheid op sy te skuif en môre weer as 'n Godgegewe dag te begin.

Deur God die Heilige Gees glo u immers dat wat Job *verwag* het in Jesus Christus *vervul is!*

Ds. H.T. de Villiers (Pretoria)